NORMANDY WINES, BOER VIR DIE TOEKOMS:

Normandy Wines in die Franschhoekvallei is bekend vir soveel meer as net hul uitvoerwyne, want daar word geboer vir die toekoms! Die oorskakeling het reeds agt jaar gelede begin toe daar besluit is om saam met die natuur te werk.

Morné Landman,wynmaker en wingerdboukundige, het begin deur grondmonsters te neem. Daarna is grondvoorbereiding gedoen, die regte kultivars is aangeplant vir die spesifieke omgewing en bemestingstowwe is meer terrein-spesifiek toegedien. Morné glo as jy suksesvol wil wees, moet jy die regte besluite neem en voluit daarvoor gaan.

Voorheen is slegs gebruik gemaak van Atlantic Fertilisers se Bio Ganic bemestingstowwe, maar die afgelope drie jaar is 'n kombinasie van Atlantic se pasgemaakte wateroplosbare en Bio Enrich-produkte bygevoeg.

Sedert Atlantic se jongstokbemestingsprogram gebruik word, is dit die eerste keer in die geskiedenis van dié plaas dat die jong wingerdstokke binne 'n jaar op draad is. Pieter Lombard, plaasbestuurder by Normandy Wines het ook onlangs begin met hul eie kompostoevoeging wat dien as 'n hulpmiddel vir waterbesparing en grondverbetering.

Die plaas spog verder met inheemse boomplantasies wat 15 jaar gelede aangeplant is. Indringerbome is oor 'n groot deel van die plaas verwyder en met geelhout-, witstinkhout en olienhout vervang wat voorheen inheems aan die gebied was. Dit is aangeplant met Bio Rock.

Hierdie boomplantasies lê die inwoners na aan die hart en hulle hoop om 'n verskil te maak vir volgende generasies.

Atlantic Fertilisers se span bied ondersteuning en advies in die beplanning en uitvoering van jou na-oes en nuwe seisoen kunsmisstrategie. Kontak ons vandag en vind uit hoe ons jou kan help.